**Skriflesing:** Rom 5:7-21
**Tema:** Gekies vir ‘n wenspan

Die Adam span of familie is ‘n verloorspan en die Christusspan of familie is ‘n wenspan. Vir watter span speel jy?

Adam, die eerste mens, het teen God en vir sonde gekies. Omdat hy gekies het om nie na God te luister nie, is die hele wêreld saam met hom in sonde en dood ingesleep. Ons almal was almal van die begin van ons lewens af, verlore sondaars. In Ps 51:7 skryf Dawid: “Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het.”

Almal van ons gaan deur God geoordeel word. Die wat, saam met Adam vir sonde kies, gaan veroordeel word. Die straf op sonde is die ewige dood. Dit is wie ons was en wat ons verdien het.

Maar toe gebeur die krip en kruis as God se keuse en geskenk vir ons.

‘n Gevaar vir ons wat grootgeword het as Sy kerk, is dat ons gewoond kan raak aan die Here se liefde vir ons. Dink vir oomblik hoe groot Sy liefde is. Wie van julle is bereid om vir iemand anders te sterf? Wie van julle sal julle hart laat oorplant op iemand wat dit glad nie verdien nie sodat die persoon kan leef?

In Rom 5:7-8 lees ons: “[7]'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. [8]Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.”
Jesus Christus is vir ons gebore en het vir ons gesterf toe ons Hom nie geken of liefgehad het nie. Meer nog, in ons Skrifgedeelte sien ons dat ons magteloos, goddeloos en verlore sondaars was. Ons was vyande van God. Vir ons stuur God sy geskenk. Jesus Christus word gebore as mens en in ‘n krip neergelê. Hy kom loop die lydenspad en sterf in ons plek aan die kruis. Uit die graf staan Hy op vir ons. Jesus is die sigbare bewys van God se ongelooflike liefde vir ons almal.

Dit is genade. Dat God ons liefgehad het toe ons nog goddeloos was. Ons wat die ewige dood verdien het, het van Hom vryspraak gekry. Sonde het almal van ons getref, maar Hy het sy genade nog oorvloediger aan ons almal geskenk. Wat Christus gedoen het, was altyd meer en oorvloediger as wat Adam gedoen het. Ons lees van dié oorvloed in Rom 5:15, 17 en 20.
“[15]maar met die genadegawe is dit anders as met die oortreding. Deur die oortreding van een mens het baie gesterf, maar die genade van God en die gawe wat deur die genade van die een Mens, Jesus Christus, gekom het, is veel oorvloediger aan baie geskenk.

[17]Deur die oortreding van die een mens het die dood begin heerskappy voer deur hierdie een mens, maar deur die Een, Jesus Christus, is veel meer bereik: dié wat die oorvloed van genade en die vryspraak as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer.
[20]Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword."

Vier maal lees ons dat Hy ons met Hom versoen het. Ses maal lees ons van Sy vryspraak. Omdat ons Sy vryspraak as geskenk ontvang het, word ons deel van sy wenspan. Nie langer is ons deel van die Adam familie nie, ons is deel van die Christus familie. Saam met Hom leef ons splinternuwe lewens en voer ons heerskappy.

In Joh 10:10 sê Jesus dat hy gekom het sodat ons die geskenk van die lewe in oorvloed kan hê. Hoe lyk hierdie lewe in oorvloed? Die lewe in oorvloed is nie om 'n "Top billing" of "Pasella" leefwyse te leef nie. Daar is toegewyde kinders van die Here wat vandag wonder waar hulle volgende ete vandaan kom.

'n Lewe van oorvloed gaan nie oor wat jy het of nie het nie. Dit is om in groen weivelde en by waters waar daar rus is, maar ook in donker dieptes, saam met Dawid in Ps 23, te bely dat die Here my herder is. Dit maak nie saak wat gebeur en in watter posisie ek my bevind nie: "die Here is my Herder, ek kom niks kort nie."

Ons kla so maklik. 'n Lewe in oorvloed is om in die woorde van Hallelujalied 245:1 te sing.
"As die lewensstorme woedend om jou slaan, en jy gans ontmoedig vrees om te vergaan
tel jou seëninge, tel hul een vir een en jy sal verbaas wees oor wat God verleen."

Ons wat die vryspraak as geskenk ontvang het, word deel van God se wenspan. Ons sal lewe en heerskappy voer.

God se wenspan heers nie oor mekaar nie, ons dien mekaar. Maar ons heers wel saam met die Here as Koning oor sonde en dood. Tot ons kom die herrinering in Rom 6:11: "Julle moet dus altyd onthou dat ook júlle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus."

En ons heers oor die bose en die duisternis.
Generaal Wainwright, een van die Geallieerde magte se bevelvoerders, is tydens die Tweede Wêreldoorlog deur die Japannese in hegtenis geneem en in die tronk sleg behandel en mishandel. Op 'n dag kom die nuus deur dat die Geallieerders die oorlog gewen het. Dit was nie lank voor 'n Geallieerde vliegtuig naby die tronk geland het nie. Die Japanese wou weer vir Generaal Wainwright mishandel, maar hy het hulle daaraan herriner dat hulle niks aan hom mag doen nie, omdat hy deel van die wenspan is.

Dit is vandag ons posisie in Christus. Die bose kan niks meer aan ons doen nie, want ons is deel van die sy wenspan. In Jak 4:7 lees ons: “Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug.” (Jak 4:7)

**Afsluiting**

God se geskenk aan elkeen van ons verander in ‘n oogwink ons status van verlore sondaars na vrygespreektes. Hy het ons in liefde gekies vir sy wenspan om te lewe en te heers saam met Hom. Geniet God se geskenk van dié lewe oor kerstyd, maar ook elke ander dag, saam met familie en vriende.

Amen